# MTRP (Gedoseer) (12252036)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 2 jaar |
| **Totale krediete** | 240 |

## Programinligting

Hierdie magistergraad word verwerf deur 'n gedoseerde leergang en 'n miniverhandeling te slaag. Die onderwerp van die miniverhandeling moet deur die Departementshoof goedgekeur word.

## Toelatingsvereistes

- Behoudens die bepalings van Algemene Regulasie G.30 G37 en G.38 word ’n relevante vierjaargraad of ’n relevante driejaargraad plus ’n honneursgraad of ’n relevante driejaargraad plus ’n minimum van vyf jaar relevante ondervinding vereis vir toelating tot die MS&S-graadprogram.
- Ter aanvulling van kennis van studente sonder 'n BS&S-graad, kan van hulle vereis word om aanvullende voorgraadse modules te slaag.

## Addisionele vereistes

Ter aanvulling van kennis van studente sonder 'n BS&S-graad, kan van hulle vereis word om aanvullende voorgraadse modules te slaag.

## Eksamens en slaagvereistes

'n Minimum semester-/jaarpunt van 40% word benodig vir eksamentoelating in 'n spesifieke module. Daar moet ook voldoen word aan alle ander eksamen-toelatingsvereistes, wat van toepassing is op die spesifieke module. 'n Minumum slaagpunt van 40% word in die eksamen vereis, met 'n minimum finale punt van 50% om te slaag.

## Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan ’n student wat 'n geweegde gemiddelde van minstens 75% in die eksamen vir al die vereiste kernmodules en die miniverhandeling behaal het.

# Kurrikulum: Jaar 1

## Kernmodules

Volhoubare nedersettingsbeplanning en -ontwerp 810 (TPS 810) - Krediete: 20.00
'n Oorsig van beplanningsteorie en -praktyk 810 (TRP 810) - Krediete: 20.00
Metropolitaanse en stedelike-area-gebaseerde intervensies 811 (TPI 811) - Krediete: 20.00
Inleiding tot stadsontwerp 820 (TPS 820) - Krediete: 20.00
Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning 820 (TPD 820) - Krediete: 20.00
Streekskaal-intervensies 821 (TPI 821) - Krediete: 20.00

# Kurrikulum: Finale jaar

## Kernmodules

Navorsingsmetodiek 810 (TPE 810) - Krediete: 20.00
Miniverhandeling 810 (TPE 820) - Krediete: 60.00
Institusionele en wetlike raamwerke vir beplanning 810 (TPW 810) - Krediete: 20.00
Grondgebruikbestuur en grondontwikkeling 810 (TPU 810) - Krediete: 20.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.